DIE LOUWTJIE
Skoolkoerant van die Laerskool Louw Geldenhuys
Uitgawe 2 van 2024

Louwtjie-revuespan 'n goue medalje werd

Die Olimpieks-revue was 'n hoogtepunt in die skooljaar en elke kind en onnie verdien 'n plek op die Olimpiese-podium. **Reinhardt de Jager** en **Die Louwtjie-redaksie** doen verslag.







Foto's: Yolandie Jonker

Na maande van liedjies leer en danspassies oefen; en uiteindelik twee fantastiese aande op die planke by die Mosaïek-teater in Fairland, staan die Olimpieks-revue uit as 'n hoogtepunt van die skooljaar.

"Ek werk al jare met kinders regoor die land, maar die Louwtjie-kinders is net iets anders! Ek is regtig mal oor hulle," sê Ronel Meiring, die skrywer en regisseur van die revue.

Spangees

"Kom ons wees nou eerlik, wat onthou jy van skool? Beslis nie somme, sinne en ekstra klasse nie. Jy onthou die saamwees en saamdoen," sê tannie Ronel. " 'n Revue gee vir elke kind die geleentheid om op die verhoog te wees. Dit bind die 'skoolgees', of in hierdie geval, die Louwtjie-gees, perfek."

Werner Huppel het die choreografie gedoen en elke klas se onderwyser het ure se werk ingesit om die danse te oefen. "Dit was 'n spanpoging," sê Tannie Ronel.

Storie agter die storie

Oor die draaiboe sê sy: "Die skool wou 'n Olimpiese Spele tema hê vir die revue en toe hoor ek daar is 'n top-atleet, juf. Leana du Toit, by die skool.

"Nou ja, meng 'n atleet se storie met so bietjie pret, so bietjie eg-Suid-Afrikaans en 'n bietjie Louwtjies en 'ta-da!'," sê tannie Ronel.

In die ateljee

Al die liedjies is vooraf opgeneem by Assagaai Studios.

"Dit was net 'wow' om in die opname-ateljee in te loop. Ek het soos 'n regte sanger gevoel!

"Jy sit oorfone aan terwyl jy opneem en hoor die agtergrondmusiek in jou ore. Niks kan jou aandag aflei nie,' sê **Romé Pretorius**. Sy het die hoofrol, Leana, gespeel.

Harde werk

Die hoofspelers het ure lank geoefen. Romé sê daar was sewentien bladsye se woorde om te leer en dat dit bietjie *"confusing"* was aan die begin om woorde, bewegings en jou posisie op die verhoog te leer ken. Later het dit maklik gekom. **Deodé Coetzee** in graad 7 het 'n paar rolle vertolk en sê dit was aan die begin nogal moeilik: "Niemand het regtig ondervinding gehad om op die verhoog te wees nie. Maar dit het ons deursettingsvermoë geleer," sê sy.

Super-selfvertroue

Die Louwtjie-akteurs was baie professioneel onder druk. Soos **Elza Engelbrecht**, wat Ouma gespeel het. Op die tweede aand het haar mikrofoon probleme gegee, maar sy het dit hanteer soos 'n *pro*. "Ek doen al vir 'n paar jaar drama by Studio Spotlight en daar het ek geleer jy moet altyd in karakter bly as iets fout gaan. Ek was eintlik eers senuweeagtig toe hulle dit agter die verhoog moet regmaak, maar dit was asof die verhoog my na 'n ander wêreld gevat het." Sy mis die lekker saamlag by oefeninge: "Iemand het altyd iets snaaks gedoen."

SPOTPRENT: Sunette Janse van Rensburg





Redaksie 2024


Reinhardt de Jager, graad 7


Isabella Oosthuizen, graad 7


Ava Beukes, graad 7


Cara van der Waal, graad 7


Sunette Janse van Rensburg, graad 6


Andreas Coetzee, graad 6

Tot volgende keer...

- Dankie aan elke skoolkind wat hierdie jaar deel was van die skool se hartklop.
- Dankie aan elke liewe onderwyser by die skool wat hard gewerk het om ons te leer en te inspireer.
- Dankie aan elke personeellid wat die skool so mooi en netjies hou.
- Dankie aan ouers, wat groot drome vir ons kinders droom.
- Dankie aan die redaksielede van *Die Louwtjie*. Ons is baie trots op julle.

Geseënde Kersfees en lekker vakansie hou!


Elza Engelbrecht, graad 7


Nicah Clark, graad 7


Lize Gerber, graad 6


Ruard Raath, graad 6


Romé Pretorius, graad 6


Megan van Niekerk, graad 7

Ruk en rol-revue: Louwtjies onthou

Dit was 'n jaar van sing en dans by Louwtjies. **Ava Beukes** en **Isabella Oosthuizen** het met kinders in elke graad gesels oor die Olimpieks-revue.

Graad R

Wat was jou gunsteling deel van die revue?



"My gunsteling deel van die revue was die sanggroep en die dansgroep. Ek het baie lekker voor almal gesing en gedans!" **- Liliana Kirchner**





"My gunstelling deel was toe my boetie gedans het!" **- Divan Buitendacht**

Graad 1

Was jy bang om voor almal op te tree?



"Nee ek was nie, want ek was braaf!" **- Müller Bonmann**





"Nee, want ek het geweet my mamma kyk vir my." **- Adelé Venter**

Graad 2

Was jou dans moeilik om te leer?



"Nee, nie regtig nie dit was maklik en lekker!" **- Jacque Groenewald**





"Nee, dit was maklik. My juffrou het dit mooi verduidelik." - Olivia Smit

Graad 3

Watter liedjie was jou gunstleling?



"Tekkies Brand, die liedjie is ordentlik en het 'n goeie ritme." **- Matthew Fisher**



"Vlerke. Dit was snaaks om my broer te sien dans en dit is my gunsteling liedjie!" **- Chantelle Welthagen**

Graad 4

Wat het jy gedink van die *grande finale* (die laaste deel van die revue met almal op die verhoog)?



"Dit was lekker, maar aan die einde het my hande begin seer raak." **- Mia van der Merwe**





"Dit was baie pret en dit was lekker om saam met my vriende op die verhoog te wees!" - **Armand Nel**

Graad 5

Het jy ooit 'n dansbeweging vergeet?



"Nee, *cause I'm big brain*!" **- Henri Coetzee**





"Ja, die tennis-*tune* se arm *wave*. Ek het nie gefokus nie en die verkeerde ding gedoen." **- Heili Voster**

Graad 6 Het jy van jou kostuum gehou?



"Ja, ek het van my kostuum gehou. Aan die begin was dit vir my bietjie moeilik om in hakskoene te loop, (Ek het Charlize Theron gespeel) maar ek het vinnig gewoond geraak." **- Adri Wolff**



"Ja, ek het baie van ons kostuums gehou! Dis klere wat ek weer na die tyd kan dra. Dit was so mooi en modern."
- Sunette Janse van Rensburg

Graad 7 Wat was die vreemdste ding wat jy in die revue moes doen?



"Ek het met 'n seun gedans wat ek nie ken nie en ek moes vir die eerste keer *Ballroom Dancing* gedoen."
-Carli Kruger





"Ek het met 'n meisie gedans, dit was vreemd om met 'n meisie vas te dans."
- Brink van Jaarsveld

Tu chantes magnifiquement Isabella*

Reinhardt de Jager

Die meeste van ons moes net die woorde van een of twee Afrikaanse liedjies onthou vir die revue.
Isabella Oosthuizen, in graad 7, moes 'n hele nuwe taal onder die knie kry vir solo-item, die bekende liedjie "La Vie En Rose". Ek het haar so bietjie uitgevra.


Hoe lank sing jy al?
"Al baie lank, van graad 2 af."

Droom jy van 'n sangloopbaan?
"Ek sal baie daarvan hou om te sing vir 'n lewe, maar dit is baie moeilik om 'n sanger te word daarom wil ek gaan studeer."

Is dit waar dat jy Frans moes leer om die liedjie te kan sing?
"Ja dit is waar, maar ek gaan in die hoërskool Frans as 'n derde taal neem, so dit was goed om solank te begin oefen."

Hoeveel keer moes jy die woorde oefen voordat jy dit reg gekry het?
" 'n Hele paar keer, voordat dit goed was. *Practice makes perfect.*"

Was jy senuweeagtig voordat jy op die die verhoog gegaan het?
"As ek *back stage* is, is ek nogal senuweeagtig, maar sodra ek my voete op die verhoog sit, sweef al my angs weg en ek is vol selfvertroue."



Was dit moeilik om die hoë note van die liedjie te sing?
"Dit was amper moeiliker as om die woorde te leer! Veral om die lang hoë note te sing."

Hoe het jy gevoel toe jy die liedjie klaar gesing het?
"Ek was verlig, maar ook hartseer omdat daai fantastiese geleentheid verby was." (* *Jy sing pragtig Isabella.*)

Bietjie Benoni-dansers tree op saam met 'celeb'

Ava Beukes

Die revue-dansgroep het nie net die verhoog by Mosaïek warm gedans nie. In Oktober het die groep by die Glimlagfees aan die Oos-Rand opgetree saam met die Bietjie Benoni-sangeres Lianie May.

Phia Potgieter (graad 7) sê sy het die ervaring geniet. "Lianie May was baie vriendelik." **Talitha Blignaut** (graad 5) sê: "Dit was lekker en *exciting*. Dit was lekker om saam met Liani te dans en ook om 'n foto en haar handtekening te kry." Vir **Luca Human-Mare** (graad 3) was dit lekker om vir 'n groot gehoor te dans. Dit was super lekker om van die ander sangers by die fees te ontmoet."
Zenande Senoamali (graad 1) sê: "Dit was baie lekker want ons het cool *outfits* gehad en 'n lekker liedjie. Lianie is baie vriendelik en mooi. Sy het ook goed gesing."
Die groep se lede is baie dankbaar teenoor juffrou Kyala Rossouw wat die geleentheid moontlik gemaak het.



Twee maal die talent, 2 maal die pret

Of hulle nou voordans by die revue, karate doen of sokker speel, Finn en Luca Human-Maré in graad 3 doen dit voluit. **Ruard Raath** het met die talentvolle tweeling gesels.

Hoe voel dit om deel te wees van 'n tweeling?

Luca: "*Actually*, moeilik (lag). Sê nou maar jy wil iets hê of doen en die ander een wil nie, dan weet jy nie watter ding om te kies of te doen nie. Sê nou maar een wil *doughnuts* hê en een roomys, dan moet ons kies tussen *doughnuts* en roomys."

Finn: "Dis interessant... maar daar's party goed wat moeilik is. Jy moet altyd twee van alles hê!"



Kan julle partykeer dink wat die ander ene dink?

Luca: "Ja dis moontlik. Dit het al gebeur. Sê nou maar ons moet 'opdress' soos iets, dan sal ons presies dieselfde idee hê oor wat ons wil aantrek. Partykeer sê ons ook goeters op presies dieselfde tyd."

Finn: "Ja, (giggel), partykeer het ons dieselfde nagmerries!"

Wat is jou gunsteling buitemuurse aktiwiteit?

Luca: "Sokker, want ek hou baie van enige balsport. My voete hou baie daarvan om te skop."

Finn: "Ek hou baie van atletiek soos hoogspring, verspring en hekkies. Ek hou ook baie van kuns."

Raak julle nooit moeg van so baie aktiwiteite doen nie?

Luca: "Nooit!"

Finn: "Mmm, partykeer maar nie eintlik regtig nie. Dis net lekker."

Wat doen julle om te ontspan?

Luca: "Dis 'n goeie vraag. Wel ons ontspan nie rerig nie."

Finn: "Ons lê op die bank en kyk TV of speel LUDO of UNO."



Wat is jou raad aan 'n kind wat te bang is om 'n aktiwiteit te probeer?

Luca: "Probeer dit net een keer en dan kan jy besluit of jy daarvan hou of nie."

Finn: "Om nie te skaam te wees nie en om net die lewe te geniet en te doen wat jy kan doen."

Dink jy Louwtjies is 'n goeie skool?

Luca: Dis 'n *great* skool met goeie maatjies en goeie juffrouens en menere. Ons doen ook lekker goeters by die skool, soos waterkaskenades en die Valentynsdagsokkie."

Finn: "Ja, ek dink dis 'n baie goeie skool want die onderwysers leer ons baie mooi en hulle doen soveel lekker goed vir die kinders, soos byvoorbeeld die revue."

Wat was jou lekkerste skooljaar sover?

Luca: "Graad 2. Juf. Anléh was die beste."

Finn: "Graad 3, want ek hou baie van die Louwtjieliggies en my juffrou is baie gaaf en laat ons games speel en die revue was vir my so lekker!

Luca neem deel aan...

Sokker, rugby, hokkie, krieket, landloop, koor, klavier, karate en hiphop

Finn neem deel aan...

Ballet, hip hop, koor, klavier, gimnastiek, karate, netbal en hokkie.

prestasies

Hip hop: Hulle het gekwalifiseer vir die Suid-Afrikaanse-span wat volgende jaar by die DanceStar World Dance Masters in Kroasië gaan deelneem.

Karate: Altwee het al goue medaljes gewen by die jaarlikse KWF Karate-nasionale kampioenskap.

Kollig: Hulle was in vier items by die Showcase - 'n klavierduet, hul hip hop-duet, as lede van die juniorkoor en as deel van die revue-dansgroep.

kan jy glo?

TikTok

Luca en Finn het 15 200 volgelinge op TikTok (@lianimare).

Die twee word beskryf as ***"klein influencers".***

Hulle het al vennootskappe gehad met Krispy Kreme, Veldskoen, Sony Pictures, Total Ninja en Decathlon.

Graad 7's sê totsiens: Dis wat hulle gaan mis

Reinhardt de Jager

George Jeppe

Wat was vir jou die lekkerste deel van graad 7?

"Aan die begin van die jaar was ek redelik benoud om 'n leier te wees, maar dit het met verloop van tyd baie lekker geword. Ons het baie goeie tye gehad en baie herinneringe gemaak.

"Wat ek die meeste gaan mis van graad 7, is om op die sportveld uit te draf en die hele skool gil. Die gees en die opgewondenheid is net op 'n ander vlak by LLG!"

Mignon Prinsloo

Wat gaan jy die meeste mis van graad 7?

"Ek gaan my klas mis omdat ons baie snaakse grappe gemaak het en ek sal ook my maats mis."

Wie was jou gunsteling juffrou?

"Beslis juffrou Janke, nie net omdat ek haar gunstelling was nie (!), maar ook dat sy my so goed verstaan het."

Mia Groot

Wat gaan jy die meeste mis van laerskool?

"Ek gaan die meeste van alles my maats wat na ander hoërskole toe gaan mis.

Wie was jou gunsteling onderwyser?

"Juffrou Aldiné omdat sy Engels gee. Ek hou baie van die vak. Sy het my ook goed verstaan."



So paar graad 7's op *Die Louwtjie*-redaksie, deel wat hulle die meeste van Laerskool Louw Geldenhuys en graad 7 gaan mis:

Nicah Clark

"Ek gaan al die nuwe vriende mis wat ek hierdie jaar gemaak het. En ook al die onderwysers wat my deur die jare gehelp het en my reggemaak het vir hoërskool."



Cara van der Waal


"Die ding wat ek die meeste gaan mis van graad 7 is die tradisies soos die deurgangseremonie, die balkie-seremonie, die sokkie en toer. Wat ek die meeste van die skool gaan mis is my vriende, my onderwysers en die skool self. Selfs al gaan ek nou hoërskool toe, weet ek verseker ek sal vir altyd 'n Louwtjie bly!"

Ava Beukes

"Ek gaan my vriende mis wat na ander skole toe gaan. En natuurlik ook die KDA-periodes en die lekker snoepie!"

Elza Engelbrecht

"Ek dink ek gaan al die onderwysers mis. Ek ken almal en weet waar hulle is, so ek dink ek gaan baie verlore voel in die hoërskool sonder al die onderwysers wat my al van graad R af help. Ek gaan ook al die maats mis wat na ander skole gaan."



Rubriek

Nie net 'n grappie nie

Cara van der Waal

Het jy al ooit iemand seergemaak omdat jy vir hulle kwaad was? Ek dink die meeste van ons het dit al gedoen, selfs al wil ons dit nie erken nie.

Dit kon dalk 'n lelike WhatsApp gewees het wat jy gestuur het voor jy gedink het, iets wat jy sommer reguit vir iemand gesê het. Dalk het jy oor iemand geskinder, of 'n klasmaat fisies seergemaak. Dalk voel jy in die oomblik beter oor jouself. Dalk nie.

Maar dink jy dalk ook aan die ander persoon en hoe hy of sy voel?



Luister, ek weet hoe lekker dit voel om iemand terug te kry wat iets aan jou gedoen het. Of om iemand wat jou irriteer (en ek bedoel BAIE irriteer) net te wil laat ophou.

Maar in die oomblik dink jy goeters nie deur nie. En dan maak jy iemand nie net baie seer nie, jy beland gewoonlik self ook in die moeilikheid. Wat sê jy dan?

"Ag, meneer. Dit was net 'n ou grappie... ek was regtig nie ernstig nie!" Maar wat as dit vir jou skoolmaat baie erger as 'n grappie gevoel het?

Ek dink die beste ding om te doen as iemand jou vra waarom jy lelik was met iemand anders, is om vir die ander persoon jammer te sê, eerder as om verskonings uit te dink wat jou soos 'n papbroek sal laat lyk.

Probeer dinge eerder uitpraat, sonder om jou woorde te gebruik soos wapens.

Jy kan ook met 'n grootmens gesels oor hoe om moeilike emosies soos woede en irritasie reg te hanteer.

En as iemand jou régtig irriteer, bly eerder net ver van hulle af weg.

Louwtjie-toneelspelers ken nie 'kan nie'







Lize Gerber

Louwtjies se eerste toneelstuk, *Dit Kannie!*, oor of meisies moet rugby speel of nie, het die beoordelaars en gehoor behoorlik aan die lag gehad by vanjaar se ATKV Tjokkertoneel-kompetisie.

Die kompetisie stel laerskoolkinders bloot aan teaterkuns en drama deur middel van mini-toneelstukke.

Dit Kannie! is aangewys as die beste produksie; Ronel Meiring as die beste regisseur en die seuns as die beste ensemble (dis soos 'n span).

Volgens die beoordelaars was dit 'n heerlike teks en hulle kon sien watter genot die akteurs en aktrises daaruit put.

Johan van der Merwe, Adriaan Reyneke, Joshua Oosthuizen, Frederik van Deventer, Lian Grobler, Tristan Heiden, Carla Janse van Vuuren, Tshego Mogane, Deodé Coetzee, Annabelle Krieg, Amea de Wet en Romé Pretorius het ure lank geoefen.

Hulle harde werk is beloon toe hulle as een van die top 6-Tjokkerproduksies nasionaal aangewys is en genooi is om in September by die Artscape-teater in Kaapstad mee te ding om die groot prys.

"Die moeilikste deel van die produksie was om al my woorde te leer," sê Amea. "Dit het gehelp dat my karakter my aan myself laat gedink het!

Johan stem saam die moeilikste deel was om sy woorde te leer: "Al die oefening het beteken dat ek soms skoolwerk moes mis.

"Gelukkig het my vriende my gehelp om op datum te bly. Die lekkerste deel was om te hoor hoe die gehoor vir al die grappies gelag het."

Lian sê hy het in die spieël geoefen om sy karakter, Martin, se oordrewe, snaakse persoonlikheid reg te kry.

"Om in 'n toneelstuk te wees was hope pret.

"Soms moes ek improviseer en die dele was ook in die finale stuk gewees. Op die dag van die ATKV-finaal was almal op hul beste!"





Andreas Coetzee

Kinders vir kinders: Projek vir gee en omgee

Sunette Janse van Rensburg

Die meeste van ons dink nie eers twee keer aan die buisie tandepasta wat ons voor skool gryp en op ons tandeborsel uitdruk, of aan die seep wat ons elke aand in die stort gebruik nie.

Nie almal is so gelukkig nie en daarom het ons skool die Kinders vir Kinders-projek (KvK) agt jaar gelede begin. Met dié projek word skoolkinders (en hul ouers) aangemoedig om produkte soos tandeborsels, waslappe, seep en ander higiëniese-produkte in te samel.

Die produkte word geskenk aan leerlinge by die Laerskool Generaal De La Ray, Laerskool Generaal Christiaan de Wet, Laerskool Esperanza, Laerskool Claremont, en die Laerskool Piet van Vuuren.

Juffrou Jolinda du Preez het die projek agt jaar gelede begin by Louwtjies en is steeds die sameroeper. Ek het haar so paar vrae gevra:

Waarom is Kinders vir Kinders so belangrike projek?

"Dit is een van die beste inisiatiewe wat Louwtjies al ooit geneem het. Kinders vir Kinders is uniek omdat dit fokus op die insameling van higiëniese produkte eerder as kos. Persoonlike higiëne speel 'n belangrike rol in selfrespek en menswaardigheid. Minderbevoorregte kinders wat nie toegang het tot basiese higiëneprodukte nie, se selfvertroue en gesondheid kan beïnvloed word. Dit kan hul leervermoë en sosiale verhoudings negatief raak."



Hoeveel produkte is hierdie jaar ingesamel?

"Altesaam 4200 higiëne-produkte en R10 000 is ingesamel. Die geld is gebruik om nog meer noodsaaklike produkte te koop.



Watter klasse het die meeste bygedra en hoe is hulle beloon?

Die klasse wat die meeste produkte ingesamel het was graad 2.S, graad 3D, graad 4/2 en graad 6/3. Elkeen van hierdie klasse met 'n pizza-partytjie beloon.



Vir meer inligting of om betrokke te raak, kontak juf. Jolinda du Preez by jolinda@llg.co.za of maak 'n skenking aan ABSA CRESTA, Rekeningnommer: 01004721680, Takkode: 516805, Verwysing: Kinders vir Kinders.

Wat dink Louwtjies?

Anouk van der Merwe is in graad 4/2. Haar klas het meer as 500 produkte ingesamel. "Ek dink die projek is wonderlik. Dit is belangrik om sulke liefdadigheidswerk te doen," sê sy. Sy sê KvK is goed, omdat dit beteken mense hoef nie geld op kos én higiëneprodukte te bestee nie.

"Dit help dat mense hulle geld vir ander noodsaaklikhede kan gebruik."

Paul Grobler in graad 6/3 se klas het meer as 300 produkte ingesamel. "Ek dink dit help om mense se lewens heelwat te verbeter," sê hy.

'n Gekwaak met mnr. Padda

Elza Engelbrecht



Die meeste paddas eet vlieë, hop rond en swem heeldag lank, maar mnr. Francois Putter, of mnr. Padda, soos almal by die skool hom ken, is al 24 jaar lank 'n onderwyser in die Louwtjie-dam en sy impak kring wyd uit.

Mnr. Padda gee Geskiedenis en Geografie vir die graad 6'e en Lewensvaardighede vir die graad 7's.

Hy is ook deel van Louwtjies se bestuur en beheerliggaam en rig die eerstespan rugby- en tweedespan krieket-seuns af.

"Ek geniet die samesyn van die kinders en onderwysers die meeste hier by die skool," sê hy.

"My liefde vir kinders en die feit dat ek wou sport afrig, het my geïnspireer om 'n onderwyser te word." Mnr. Padda sê hy hoop die kinders in sy klasse sal hom eendag onthou vir sy humorsin.



Waar kom die bynaam vandaan?

"Ek weet nie! Ek het dit al vandat ek vyf jaar oud was en party mense ken nie eens my regte naam nie. Ek het al vir mense gevra wat ek daai tyd geken het, maar niemand weet nie."



Wat is die snaaksste ding wat al in een van meneer se klasse gebeur het?

"Net na ons projektors in die klas begin gebruik het, het ek die een in my klas eendag aangeskakel. Dit het 'n *No Signal*-boodskap gewys, maar ek het met my rug na die bord gestaan en kon dit nie sien nie. Die kinders het begin lag, want die boodskap het op my voorkop geskyn en gesê ek het 'geen *signal*' nie."



Wat is Meneer se stokperdjies?

"Ek hou daarvan om dinge te bou, soos klein trekkertjies. Ek gebruik bordborsels vir die basis en verf dit, meestal groen."

Wat het Meneer gedink van Lucas du Toit, in graad 6, wat 'Meneer Padda' gespeel het in die revue?

"Hy het baie goed gedoen! Hy het my mooi gespeel."

Wat het Meneer van die revue gedink?

"Ek het in *Vat 'n Bietjie* gedans saam met die ander onderwysers en dit was baie pret. Ek was glad nie skaam nie."

Watter raad het Meneer vir kinders by Louwtjies?

"Doen wat jy sê jy gaan doen en wees betroubaar."

Gunstelinge

Kos: Chinese kos. (Hy het voor sy dae as onnie by 'n Chinese-restaurant gewerk.)

Vakansieplek: "Enige plek solank ek kan kamp – Botswana tot Sodwana."



Dier: Leeu

Kleur: Herfskleure.

Seisoen: Somer.

Musiek: "Die *golden oldies* van die 60's tot 80's."

Laerskoolherinneringe:

"Kinders kon nog kinders wees, ons kon fietsry in die strate."

Louwtjie-opgraderings: Ons spog bietjie

Rome Pretorius en Lize Gerber

Louwtjie-atlete sommer baie trots is en wat ons opgewonde maak oor die atletiekseisoen. Die I Have Talent-klub (IHT) se atlete oefen ook daar.

Blitz Park


Die astrobaan wat Louwtjies gebou het vir tennis, netbal en hokkie is wêreldklas.

Dit is baie lekker om op die nuwe baan te oefen en almal weet ons moet die baan oppas, daarom mag niemand sonder toestemming daarop gaan in pouse-tyd nie.



Tartan-verspringaanloop

Die 6 m verspringput is iets waarop



Die krieketveld

Vir die boulers, kolwers, paaltjiewagters en veldwerkers is die nuwe krieket *pitch* fantasties. Dis lekker hard en dit word gereeld gerol. Dit was 'n groot proses om die gras daarop perfek te kry en die personeel het dit soos babatjies opgepas oor die afgelope paar maande.

Die nuwe snoepie

Die nuwe snoepie is nie net groter nie, maar ook baie mooi en modern. Dis uit skeepskratte gebou en daar is plek onder skadusambrele vir ouers om te sit en werk as hulle vir ons wag om klaar sport te oefen. Die snoepie is goedkoper ook: 'n roomys kos net R5.



Pennedas

Die Louwtjie-winkel op die terrein, maak dit maklik om vinnig skryfbehoeftes of klere in die hande te kry wat jy dalk verloor of vergeet het. Hulle verkoop tweedehandse klere teen goeie pryse.

Dít het ons by Tannie Retha geleer

Romé Pretorius en Lize Gerber

Tannie Retha Bezuidenhout was vir 19 jaar die vriendelike stem aan die ander kant van die foon as iemand skooltoe gebel het.

Sy het ouers met 'n glimlag verwelkom, personeellede gehelp om vinnig probleme op te los en maklik alles net so gelos om vinnig 'n pleister op 'n stukkende knie te plak.

Na haar onverwagse heengaan in Junie was almal by die skool baie hartseer.

Ons het so 'n paar personeellede gevra wat hulle by ons liewe "kantoortannie", tannie Retha, geleer het.

Mnr. Martin Bensch, die skoolhoof, sê:
"Tannie Retha was vir jare ons regterhand hier by die skool. Sy was altyd vriendelik en het gehelp waar sy kon.

Sy het my geleer dat moeilke tye verbygaan en dat ons verhoudings bly staan.

Ek sou graag vir haar wou sê dat ons haar baie waardeer en dat die Louwtjie-kinders en personeel baie lief is vir haar."

Tannie Marlet Homan, die hoof se persoonlike assistent, sê:
"Sy het my geleer om altyd uit my pad te gaan vir ander mense en om die mooi in ander raak te sien, want almal is kosbaar. Ons het baie lekker saam gelag daar voor in die kantoor."



Juf. Carla Passmore sê:
"Dit was altyd so lekker om saam met haar koffie te drink en te gesels. Sy het baie keer, skelmpies, my blommetjes kom steel. Sy het my geleer om nie my tyd te mors nie en dat ek gelukkig moet wees."

Juf. Berti de Villiers sê:
"Sy was 'n liefdevolle mens wat nooit iets lelik gesê het oor ander nie. Sy het my geleer om geduldig te wees, want jy weet nie wat in ander se harte aangaan nie. Sy was een van my beste vriendinne en sy is onvervangbaar."




Tannie Retha en Marlet Homan.

R.E.S.P.E.K: Kies vriendelikheid

Cara van der Waal

Tydens die laaste kwartaal het die skoolsielkundiges, tannie Erika Basson en oom Hennie Vorster met die hele skool gepraat oor respek en boeliegedrag. Ek het tannie Erika gevra waarom dit nodig was:

Hoekom was die boelie-werksessies belangrik?
"Dit is 'n belangrike onderwerp, want die hele skool moet saamwerk om boeliegedrag te stop. Kinders moet weet wat presies boelie is, en hoe om boelies te hanteer."



Moet jy elke keer wat jy geboelie word of iemand sien wat geboelie word 'n onderwyser roep?
"Dit is altyd beter om 'n grootmens te gaan roep, maar 'n mens kan die maat wat geboelie word uit die situasie wegvat en dan hulp gaan soek. Onthou net dit beteken nie jy kan terug lelik wees met die boelie nie. Sy of hy sal dalk begin lelik wees met jou."

Is boelie 'n groot probleem by Louwtjies?
"Boelie is maar by meeste skole 'n ding wat kop uitsteek. Ek sou nie sê dis noodwendig 'n groot probleem by Louwtjies nie, maar daar is soms gevalle."

5 Redes om ander met respek te behandel:

1. Mense hou meer van jou.
2. Dis makliker om vriende te maak.
3. Ander mense sal jou respekteer.
4. Dit help jou om beter te werk in 'n span.
5. Dit laat jou goed voel oor jouself!

Hardloop soos asemhaal vir juf. Leana

Van harde werk en deursettingsvermoë kan jy juf. Leana du Toit niks vertel nie. **Nicah Clark** het met haar gesels.

As daar nou iemand is by wie almal by die skool kan leer oor "aanhouer wen", is dit juf. Leana du Toit.

Na die revue, waarin Romé Pretorius (graad 6) die rol van die jong Leana vertolk het wat groot drome oor die Olimpiese Spele droom, weet almal sekerlik nou van ons skool se eie superatleet-onnie.

Juf. Leana, wat Sosiale Wetenskappe gee vir die graad 4's en KDA vir graad 5 en 6, het in Augustus aan die Wêreld Meesters-atletiekkampioenskap in Göteborg, Swede, deelgeneem.


Sy het tiende gekom in die 100 m en vyftiende in die 200 m. En al het sy nie die plekke behaal waarvoor sy gehoop het nie, was haar deelname steeds 'n ongelooflike ervaring.

Sy het baie geleer van hoe atlete van ander lande oefen en sy weet daar wag nog eendag vir haar 'n medalje by hierdie kampioenskap.

"Ek glo daarin om teleurstellings agter my te sit, op te staan en weer te probeer. Dit dien as motivering om beter te wil doen," sê sy.

Oor die revue

"Dit maak my baie emosioneel om te dink mý atletiekdroom was belangrik genoeg om in 'n storie te omskep wat voor my oë afspeel," sê juf. Leana. "Dit het onwerklik gevoel." Oor haar kort akteursloopbaan, toe sy haarself moes speel vir die video wat die revue afgesluit het, sê sy:



"Dit het my definitief laat besef ek is nie 'n aktrise nie en om so in die *limelight* te wees, is nie vir my nie!

Maar dit was 'n ongelooflike ervaring om te kon deel wees van alles." Romé Pretorius (foto) het die jong Leana gespeel.



"Atletiek leer jou lesse wat jy in die res van jou lewe kan toepas."

Atletiek het juf. Leana geleer van deursettingsvermoë en om altyd vas te byt en deur te druk, al dink jy, jy kan nie meer nie.

"Dit is lesse wat 'n mens op enige deel van jou lewe kan toepas, want dit maak jou 'n sterker mens," sê sy.



Dankie Louwtjies!

Die Louwtjie-skoolgemeenskap het *R100 000* ingesamel om te help om juf. Leana se droom om oorsee deel te neem te help bewaarheid. "Ek was stomgeslaan en oorweldig deur almal se bereidwilligheid om te help. "Ek het nie genoeg woorde om dankie te sê nie."



Juf. Leana hardloop al vandat sy kan onthou. Sy hou van baie verskillende sportsoorte maar kort afstande soos die 100 m en 200 m bly haar gunsteling.

Om 'n steratleet te wees, was nog altyd haar droom, maar dit verg baie dissipline.

"Dit vat een tot twee uur se oefen per dag, afhangende van die seisoen en kan gim, spoed- of uithou- werk insluit," sê sy.

Haar lyf word steeds styf en seer, al oefen sy baie, maar dit is alles deel van die beloning en groter doelwit.

Sy maak ook tyd vir tuin- en kosmaak en al eet sy gesond, erken juf. Leana sy is baie lief vir biltong en skyfies met 'n doopsous.

Groot drome?

juf. leana het raad

1. Moet nooit tou opgooi nie. Druk deur en glo in jouself.
2. Skryf jou doelwitte neer en kyk elke dag daarin vas. Breek jou doelwitte op in kleiner dele, dan is dit makliker om dit te behaal.
3. Groot drome verg harde werk.
4. As jy iets baie graag wil bereik, kan jy nie verskonings hê om hard daarvoor te werk nie, jy moet werk wanneer ander rus.
5. Hê die selfdissipline om jouself te motiveer.
6. Kies om uit teleurstellings te leer en te groei.

Pienkvoete op pad

Elza Engelbrecht

"Ek kan nie wag om haar so styf vas te hou teen my lyf nie, " sê juf. Lilian Jacobs oor haar tweede dogtertjie, Timoné, wat vroeg in die nuwe jaar verwag word. Juf. Lilian gaan die eerste kwartaal met kraamverlof wees. "Ek gaan definitief my kinders Louwtjies toe stuur!"



"Ek kan nie wag om te rus en kraamverlof te vat nie," sê Juffrou Aldiné Swanepoel. Sy is swanger met 'n babaseuntjie wat in Maart gebore sal word. "Ek is definitief 'n seuntjie-ma!"



"Ek's is opgewonde om my baba styf vas te hou en baie liefde te gee," sê juf. Janke Bekker. Sy en haar man gaan wag tot die baba se geboorte in April om uit te vind of dit 'n seuntjie of dogtertjie is.

"Ek kan nie wag om my man as 'n pappa te sien nie," sê sy.



Liefde


IS IN DIE LUG: ONDERWYSERS WAT GETROU HET DIE JAAR

Elza Engelbrecht


Juf. Lauren van Breda en haar man Walrich het op 10 Februarie getrou by Tjirp in Parys.

Oor die verlowing sê sy: "Toe ons op vakansie was by Magoebaskloof het hy my na 'n verrassings-fotosessie gevat en my gevra om te trou."





Ons was op die strand in Danabaai en 'n fotograaf het agter die duine weggekruip toe hy my gevra het om te trou," sê juf. Chané Nothnagel oor die dag toe haar man, Reinhard, die ja-woord gevra het. Hulle het op 29 Junie by Rosemary Hill getrou.




Juf. Minette Lynch en haar man Bradley het op 21 September by Bona-Bona Game Lodge getrou. Hy het haar in die Krugerwildtuin die ja-woord gevra: "Ons was by 'n uitkykpunt toe ons om na die sonsondergang te kyk toe hy my gevra het om te trou."



Tannie Louise Joubert, wat met Louwtjies se finansies werk, se baba Reghardt is op 14 November gebore. Hy het 3.32kg geweeg.

Juf. Desireé Trollip, hoof van die grondslagfase, het op 22 Junie met Mauritz getrou by Trés Jolie.
















REVUE 2024


























GRAAD 7 TOER







GRAAD 6 TOER





KOLLIG SANG



Foto's


OMEGA
OMEGA


INDIVIDUELE PRESTASIE
SEUNS
MEISIES
SPAN PRESTASIE
SEUNS
MEISIES
VOLHARD


















Laerskool
Louw
Geldenhuys
EMERGENCY EXIT
NOODUITGANG
ENTOEG
BETROKKE







Ondersteun
Louwtjies
THIRST
10



Liewe Linden diereliefhebbers, ons stel bekend Animal Junxion winkel en Animal Junxion Groom Room dieresalon:



Aandag alle honde en katte!
Kom kuier by ons troeteldiersalon.
Ons sal julle was en julle stylvol
laat lyk vir julle volgende stappie
in die park.



Alle diereliefhebbers, kom koop julle troeteldiere se kos en benodighede by ons winkel. Goeie pryse en groot verskeidenheid!



Ons het ook n verskeidenheid produkte
vir vissies en ander troeteldiere.
Kom loer gerus vir ons vissies en garnale.



Lekker afslag in die wintermaande
by ons troereldiersalon
om te verseker Fluffy en Scruffy
se pelsies bly mooi.















Entrepreneursdag







Blaai na bl.26!

HOOP @ JESUS

Om Jesus te ken en Hom bekend te maak

DIE Akker

Christelike Kerk

Huis van SCRATCH NPC

Dienste:
Sondae 9h00

Laerskool Louw Geldenhuys,
7de Straat, Linden



GR
GYPSEY ROSE

100% INDIAN COTTON

The style of Gypsey Rose Cotton Clothes can be described as bohemian chic, with a blend of relaxed silhouettes, flowing fabrics, and playful embellishments. Our collection includes dresses, tops, skirts, and other garments that can be mixed and matched to create effortlessly stylish outfits suitable for various occasions. Whether you're looking for a breezy summer dress, a comfortable boho top, or a unique piece that captures the essence of wanderlust, Gypsey Rose Cotton Clothes offers options that cater to those seeking an individualistic and free-spirited fashion statement. By embracing the beauty of cotton and infusing it with artistic and bohemian elements, Gypsey Rose Cotton Clothes invites individuals to express their personal style and embrace a sense of adventure and self-

YOUR ONE-STOP TENNIS, SQUASH, BEACH & PADEL SHOP

BIDI BADU | TOPSPIN | TOOLZ | Balls unlimited

TURQUOISE

WWW.TOPSPINSA.CO.ZA



EST: 2012

Visit our On-line shop

TOPSPIN

SPORTSGEAR PTY LTD





We electronically re-string Tennis and Squash Rackets!

Juan-Philip 064 758 4443 – Linden Randburg

e-mail – info@topspinsa.co.za



Daleen 082 600 7894 Carina 082 603 8694

Wil jy eiendom in Linden en omgewing koop of verkoop, huur of verhuur?

LINPROP

Kontak die plaaslike eiendomspesialiste.
Linprop 011 888 2741
info@linprop.co.za

SPAR

tops! at SPAR

SPAR 2U
The SPAR you love, now online!

Robindale

Speciality Food & Liquor Boutique

BEAN TREE CAFE
COOKED MEALS
SPECIALITY BUTCHERY
CATERING

WE DELIVER TO YOUR DOOR

VEGAN & VEGETARIAN
FIGURINE CAKES
WINES & CHAMPAGNE

Contact us on:
robindale1@spar.retail.co.za
010 055 3136

FIRZT

Make your next move the RIGHT ONE!

Whether you're looking to Buy, Sell, Rent or Auction property, let us help you make the the right move!




Buy | Sell | Rent

RESIDENTIAL | COMMERCIAL | DEVELOPMENTS | AUCTIONS
PROPERTY MANAGEMENT

011 731 0300 | www.firzt.co.za

Grappies







Wat noem jy 'n labrador wat kulkunsies kan doen?
'n Labra-kadabra-dor



Wat sê die een potlood vir die ander potlood?
"Jy's so skerp!"



Wat noem jy 'n hasie wat al die pryse by die prysuitdeling wen?
'n PrestHASIE




Met watter tipe motorfiets ry Kersvader?

'n JOLLYdavidson


Klaskenades

Deur Sunette Janse van Rensburg

1



2



3



Raad van 'n maat

Bly besig as jy met Jan Tuisbly se karretjie ry

Sunette Janse van Rensburg

Alhoewel baie mense hierdie tyd van die jaar see toe gaan, is daar net so baie mense wat verveeld voor die televisie sit met niks om te doen nie (of so dink hulle). Om hierdie probleem op te los het ek besluit om 'n lys te maak van dinge om te doen as jy hierdie Desember-vakansie by die huis gaan bly.


Bak plaatkoekies. Dis baie maklik om te maak en boonop lekker.

Bestanddele:
2 koppies meel
3 eetlepels suiker
2 teelepels bakpoeier
1 teelepel koeksoda
½ teelepel sout
2 koppies melk
2 eiers
¼ koppie Canola-olie



Klits alles goed bymekaar tot romerig; maak 'n pan warm; smelt botter daarin en gooi lepelsvol deeg in die pan.
As daar klein borreltjies op die plaatkoekies verskyn is dit gaar.

Probeer om jou eie bordspeletjie te ontwerp. Gebruik jou kreatiwiteit, al jou kleurpotlode en gom; dink jou eie reëls uit en speel jou speletjie saam met jou gesin.



Bou 'n legkaart - dis 'n wonderlike manier om verveeldheid te oorwin. As jy nie legkaarte het nie, of moeg is vir die legkaarte in jou kas, kan jy jou eie een maak. Teken 'n prent, sny dit in stukke en daag iemand uit om dit weer te bou.

Maak Kersversierings
Gebruik klei, papier, ou blikkies en krale.




Maak tuisgemaakte geskenke
Gebruik jou kreatiwiteit om iets spesiaals te maak vir jou vriende of familie. Dit kan handgemaakte seep, 'n foto-album, of 'n Kersfeeskaartjie wees.


Verf enige iets (en ek bedoel ENIGE IETS)
Verf iets ongewoon. Ek sê nie jy moet jou mure verf nie (asseblief tog nie)! Verf iets soos 'n klip, blaar op selfs 'n seeskulpie.

Hou 'n tuis-fliekaand
Skep jou eie bioskoop by die huis! Kies 'n tema (soos animasie, aksie of romantiese komedies), maak springmielies en geniet 'n marathon van jou gunsteling flieks.

Teken stap-vir-stap

Oefen hierdie vakansie jou tekenvaardighede deur Andreas Coetzee se stap vir stap-wenke te volg.





Raad van 'n maat

7 idees om die laaste paar skooldae te oorleef

Daar is nog net 'n paar skooldae oor. As jy dit by die skool moet deurbring, het **Ruard Raath** idees om jou besig te hou. Van die planne sal net so lekker werk in die vakansietyd.

1

Raai hoeveel trappe daar in die skool is. Om dit meer interessant te maak, hou 'n kompetisie tussen jou maats om te sien wie die antwoord die naaste aan reg kan raai. Miskien kan julle 'n prys vir die wenner uitdink? *(Vir die antwoord, kyk onder op die bladsy.)*

2

Koop 'n sjokolade by die snoepie.
Dis wetenskaplik bewys dat sjokolade jou gelukkiger maak. Miskien kan jy jou juffrou of meneer met 'n sjokolade verras. Om iemand anders te bederf laat jou ook gelukkiger voel.

3

Pak 'n boek in om jou op te kikker.
As jy hou van fantasie en nog altyd gewonder het waar elwe vandaan kom is *Keepers of the Lost Cities* die beste. Vir 'n goeie aksie-boek probeer *Alex Rider* of as jy lekker wil lag of soek na kattekwaad-inspirasie is David Walliams se *CODENAME Bananas* jou ding.



4

Maak 'n pouse tee-afspraak met mnr. Bensch en bespreek die moontlikheid van langer pouses in 2025 met hom.

5






Leer 'n kulkunsie om jou maats (én jou onderwyser) te beïndruk.
Vir 'n maklike en *cool* kulkunsie besoek YouTube en kyk na die volgende video: '12 Impossible pen tricks anyone can do' van Oscar Owen Magic.

6

Gaan met jou swembroek skool toe vir daardie Desembervakansie-gevoel en om mnr. PR te oortuig die skool het dringend 'n swembad nodig. Dit werk ook baie goed as jy pouse deur die sproeier wil hardloop

7

Ontdek die wonder van origami (ou Wiskunde-vraestelle werk goed) of vou sommer net 'n papiervliegtuig en kyk wie s'n die verste van die derde verdieping kan afvlieg. Vir graad 1 tot 4 kan 'n kwakkie vir ure se pret sorg. Dis baie maklik om te vou. Volg net die instruksies hier langsaan.

	1. Vou A4 paper so en knip reghoek-strook af
	2. Vou die oorkruis vierkant wat oorbly weer in die helfte om 'n "X" te maak
	3. Vou al die hoeke na die middel
	4. Draai om en vou weër al die hoeke binnetoe
	5. Vou dubbeld
	6. En weër dubbeld tot ń klein blokkie
	7. Maak oop - sit jou vingers in en speel

Daar is sowat 350 trappe by die skool!

Raad van 'n maat

'Gaan ons nog maats wees op hoërskool?'

Vir graad 7's lê die avontuur van ons hoërskooljare voor. Maar wat gebeur met ons vriendskappe wanneer ons hoërskool toe gaan, wou **Cara van der Waal** weet.

As jy die uitdrukking 'deur dik en dun' hoor, dink jy dalk ook aan jou maats. Jou beste vriende met wie jy oor alles kan gesels en saam met wie jy so lekker kan kuier. BFF's vir altyd, of gaan die hoërskool dinge verander? Ek het met so paar graad 7's, oud-Louwtjies in graad 8 gesels om uit te vind waar mense se koppe oor vriendskappe na die laerskool staan.

Graad 7's sê...

Is jy senuagtig oor wat met jou laerskool-vriendskappe op hoërskool gaan gebeur?

Lily Wilkin: "Ja, want ek is bang dat ek die vriende met wie ek nou *close* is gaan verloor."

Johann van der Merwe: "Ja, want ek moet basies my lewe oor begin, en nuwe vriende maak."

Graad 8's sê...

Is jy nog steeds maats met jou laerskoolvriende?



Anja Spangenberg (Helpmekaar Kollege): "Omdat al my vriende Linden toe is, en ek na Helpmekaar, sien ek nie meer regtig my laerskoolvriende nie. Ek het nog kontak met so paar van hulle. Gelukkig kry jy vir elke nuwe vriend wat jy (op hoërskool maak), nog twee by."

Alexander Britz (Hoërskool Linden): "Ja, ek is nog vriende met my laerskoolmaats. Ek het nog kontak met die vriende wat na ander skole toe gegaan het, maar eintlik bly mens maar net by die vriende in jou skool. Die van ons wat na ander skole toe is sien mekaar nog steeds as ons teen mekaar sport speel, of as hulle by goed soos Lindenfees kom kuier."

Tannie **Erika Basson**, sielkundige by Die Habitat, sê die meeste leerders het gemengde gevoelens oor die hoërskool. "Daar begin 'n nuwe, opwindende hoofstuk in graad 8 en baie nuwe mense en ervarings gaan deel word van jou lewe.

"Dit is heeltemal normaal om 'n mengsel van gevoelens te ervaar oor hoërskool en vriendskappe op hoërskool, van opgewondenheid tot vrees."

Dit hang van persoon tot persoon af of dit moeilik is om nuwe vriende te maak.

"As jy deelneem aan sport, of kultuur-aktiwiteite skep dit meer geleenthede om nuwe vriende te maak en nuwe dele van jouself te leer ken," sê sy.


"Sport- en kultuur-geleenthede van skole wat teen mekaar deelneem is 'n baie goeie manier om kontak te hou met vriende wat in ander skole is as jy."

Kitswenke

- Lus om iemand nuut te ontmoet? Wees dapper en sê 'hallo'.
- Probeer om uit te vra oor die ander persoon, eerder as om net oor jouself te praat.
- Wees net jouself en wees vriendelik.



Sunette Janse van Rensburg



Raad van 'n maat

Swem: Veel meer as plons en plas



Megan van Niekerk

Het jy al ooit langs die swembad gesit by 'n gala, die son op jou gesig, en gekyk hoe die swemmers gereed maak vir aksie?

Dit lyk dalk vreeslik kalm en rustig, amper soos 'n *slow motion*-fliek. Maar dis als behalwe.

Onder die oppervlak van die blink blou water, broei 'n storm van opwinding, senuwees en ja, selfs drama.

Swem is soveel meer as net heen en weer plons in die water. Dis 'n sport wat jou uitdaag, en en soms laat wens jy het eerder by die huis gebly.

Van die oomblik wat die swemmers op die blokke klim, tot die laaste asemrowende haal – dis 'n *rollercoaster* van emosies.

Kom ek vertel jou hoekom...

Die oomblikke voor jy in die water duik is amper die ergste. Jy hoor net die plons-plons van ander swemmers wat opwarm en dalk die aankondiger se stem.

Jy voel die spanning in die lug en jou hart klop so vining dit voel of dit uit jou keel gaan spring. Al die vroeë oggende, seer spiere en opofferings vir hierdie oomblik. Jy wil jou beste tyd swem om jou afrigter (en jou ma) trots te maak. En as jy regtig gelukkig is, kan jy selfs 'n blink medalje huis toe vat.

Die afsitter se skoot is soos 'n ontploffing van energie. Die skril geluid sny die lug en skielik ontplof die kalm water in 'n versameling spattende arms en bene. Om jou borrel die water, jy hoor die gespat van die ander swemmers langs jou, jy voel die golwe wat hulle maak en dit spoor jou aan om nog vinniger te swem. Jy's in 'n resies teen tyd en teen jouself en jy wil elke bietjie energie inspan om voor te bly.

In die hitte van die oomblik kan enigiets gebeur. Miskien maak iemand 'n fout en almal moet uit die water klim en weer begin. Of dalk mis jy die muur met jou draai en mis kosbare sekondes. Dalk gly jou swembril af en jy kan niks sien nie, of jy kry 'n nare kramp in jou been.

En dan... die eindstreep!

As jy wen, is dit die beste gevoel in die wêreld. Jy's so bly en trots op jouself jy wil bars. Al die harde werk was die moeite werd. Jy klim uit die swembad met 'n groot glimlag.

As jy verloor, voel jy dalk teleurgesteld en hartseer. Dis okei, dit gebeur met almal.


Die belangrikste ding is om nie tou op te gooi nie. Die verloor motiveer jou dalk net om volgende keer vinniger te skop.



Wenke om reg te wees vir die swemseisoen in die nuwe jaar

1. Oefen gereeld. Hoe meer jy swem, hoe beter.
2. Fokus op tegniek. Dis belangriker as spoed.
3. Oefen om met beheer en ritme asem te haal.
4. Bou krag en uithouvermoë deur kragoefeninge te doen.
5. Warm op met strekke voor jy swem en koel na die tyd af.
6. Wees geduldig – dit vat soms tyd om 'n beter swemmer te word.





Merke, gereed, hier kom Louwtjie-sterre

Die Steratleet-byeenkoms het op 25 Oktober 2024 plaasgevind en die Louwtjies het sommer baie talent. **Romé Pretorius** (self 'n atleet), was daar.

Ons skool se atlete presteer nie net baie goed op die veld nie, hulle is boonop verskriklik oulik.
Dit was sommer weer baie duidelik by hierdie jaar se Steratleetbyeenkoms.
Die Louwtjies-atlete het goeie sportmansgees en ondersteun mekaar met entoesiasme.
Vir die atlete was die gevoel om weer saam met hulle vriende op die atletiekbaan te wees, die beste gevoel ooit.

Wie blink uit?
Daar is natuurlik baie atlete wat uitgestaan het. Hou 'n ogie oor die volgende atlete wat dalk net eendag Olimpiese Spele toe mag gaan:

Elise Bijker wat nog net in graad 2 was hierdie jaar, is darem maar baie vinnig in die 600 m. Jy voel net wind as sy verby jou 'sprint'.

Ons verspring-hasie, **Charlotte Spannenberg**, wat oor die 4 m gespring het, laat ons almal se harte bons as ons haar nuwe PB (persoonlike beste) hoor.





het jy geweet?

Mnr. Tommie Claasen se *hit*-liedjie 'Vat 'n bietjie' is kliphard gespeel en al die Louwtjie-onderwysers het saamgedans. Mnr. Tommie was die afsitter by die byeenkoms.



Ons atlete is baie dankbaar vir hulle afrigters; juf. Lauren van Breda, juf. Nicolene Rademeyer, mnr. JC Hulley, juf. Tammie Ferreira, ons SA-atleet, juf Leana du Toit en natuurlik mnr. Jan van der Merwe, die hoof-organiseerder.



Christopher Blitz* ons SA-atleet het alweer presteer met sy 1200m-item. Maar wag, daar's nog... hy het by die Steratleet-byeenkoms ook 'n eerste ste plek behaal met hoogspring! Sjoe, wat 'n veelsydige atleet. (*Britz)

Sy's kort, maar kragtig, sy draai en sy laat daai arme 'disk' vlieg, ons enigste **Nelia Holtshausen**! Sy het 'n fantastiese tegniek met diskusgooi en ons kan nie wag om nog van haar te sien nie.

Hy het nie net met een item presteer nie, maar twee. **Daniël Steyn** het sy 200m hekkies en ook verspring gewen. Hy oefen hard en laat dit tel.

Laaste, maar nie die minste nie: **Reder van Tonder**. Hy het sy 'assegaai' (soos Janneman sal sê) gegooi en soos almal verwag het, eerste gekom.

Die aflos was die hoogtepunt van die byeenkoms en almal het lekker geskree en ondersteun met die laaste item om die aand af te sluit.





ALCHEMY MARTIAL ARTS

75 JUDGES AVE, CRESTA

SLUIT NOU AAN 0824529213 | INTRO-KLAS BESKIKBAAR | VIR ALLE OUDERDOMME | BEGINNERS WELKOM

TRADISIONELE KOREAANSE GEVEGSKUNS

탐수도

- SELFVERTROUE
- SELFVERDEDIGING
- SELFDISSIPLINE
- KOÖRDINASIE
- SOEPELHEID
- FIKSHEID



011 791 1300

Sedert / Since 1964

CONSTANTIA

Skooldrag / Schoolwear

H/V Malibongwe & Rabie Straat, Randburg

ONS VERSKAF:

- Blairgowrie Primary
- Bordeaux Primary
- Bryanston Parallel Medium
- Casa Do Sol
- Delta Park
- Fairland Laerskool
- Fontainebleau Laerskool
- I R Griffiths Primary
- Linden Hoërskool
- Louw Geldenhuys Laerskool
- Randburg Hoërskool
- Sharonlea Primary
- The King's School (Robin Hills)
- Unika Laerskool

www.constantiaschoolwear.co.za

SKOOLDRAG



TOTEM

boomerang

SKRYFBEHOEFTES



Ontmoet 2024 se hokkie- en krieketkapteins

Die kapteins van die eerste hokkie- en krieketspanne het met **Ava Beukes** gesels.



Die hokkie-kaptein is *Madi Cruickshank, graad 7*

Watter posisie speel jy?
Ek speel middel forward of link.

Wat is die beste deel van hokkie?
"Wen is altyd die lekkerste vir almal, maar ek dink dis as almal alles gee en dit geniet."

Wat maak jou span so goed?
"Die wonderlikste ding van ons span is wanneer almal saamwerk en soveel pret het terwyl ons dit doen."

Wat maak van iemand 'n goeie hokkiespeler?
"Die meeste mense sal sê die persoon wat altyd *score*, maar dit is eintlik die mense wat kan speel volgens die reëls en as deel van 'n span. Wen of verloor, die hele span moet goed speel."

Watter skool is die moeilikste om teen te speel?
Ek sal sê Curro.

Wat doen julle span na 'n wedstryd?
"Ons het 'n *team talk* en sê wat ons goed gedoen het en waar ons kan verbeter."

Die seunshokkie-kaptein is *Daniel Steyn in graad 6*

Watter posisie speel jy?
"Ek speel Linker Link."

Hoe voel dit om al in graad 6 die eerstespan-kaptein te wees?
"Dit voel baie lekker, maar somtyds kan dit moeilik wees omdat ek die span bymekaar moet hou."

Hoekom speel jy hokkie?
"My broers het gespeel toe ek jonger was en ek wou saamspeel. My ma het gesê ek moet dit probeer en van toe af is dit by verre my gunstelling sport."

Wat is die seerste wat jy al gekry het?
"'n Bal het my teen die oor getref by 'n mini-wedstryd."

Hoe moet iemand met hokkie begin?
"Kom sluit by die oefeninge aan en kyk dalk of jy by 'n klub kan inkom."





Die krieketkaptein is *Richan Kuhn in graad 6*

Hoe voel dit om kaptein te wees?
"Dis baie lekker om kaptein te wees van 'n span wat wil alles sal doen om te wen."

Het julle span baie gees?
"Ja nogal baie. Die seuns met die meeste gees is Adriaan, Lukas, Ruald, Joshua, Luan en ek."

Hoe lank speel jy al krieket?
"Ek het begin speel toe ek 4 was."

Hou jy meer van boul of kolf?
"Kolf, want dit is lekker, maar ook *challenging*."


As jy veldwerk doen, watter posisie speel jy?
Ek is keeper, maar as ek bal staan ek mid off."

Is jy 'n spoedbowler of spinbowler?
"Ek was 'n spoedbouler, maar later het ek ook 'n spinbouler geword."

Gaan jy aanhou krieket speel op hoërskool?
"Ja, definitief. Ek hou ongelooflik baie van die sport."

Kumon Wiskunde en Engels, vir alle ouderdomme vanaf 2-jaar









Dr Nettie by Kumon Linden

011-8887359 / 060 605 1449


Lillian Gray
ART SCHOOL
2-hour lessons.
Includes art supplies
for 6 - 12 year old lessons
WEEKLY ART CLASSES
Mixed Media
Painting
Clay
Printmaking
Drawing
82 Kessel Street, Fairland
Classes according to ages:
• Youngsters 6 - 8 years old
• Tweens 9 - 12 years old
• Teenagers 13 - 19 years old
www.lilliangray.co.za
OUR OTHER CREATIVE SERVICES
Paint Nights
Art Parties
Kids Art Holiday School
Corporate Team Building
@lilliangrayartschool
071 716 7218 hello@lilliangray.co.za


AWARDED
Best Specialist Criminal & Family Law Firm - Gauteng
MEA Business Awards 2022
AWARDED
Most Client-Focused Family Law Firm - South Africa
AI Legal Awards 2022
AWARDED
Best Multi-Sector Law Firm 2023 - Johannesburg
AI Legal Awards 2023
Apostille Services
Commercial Law
Conveyancing Law
Criminal Law
Debt Collection
Family Law
General Litigation
Labour Law
Wills & Estates
We fight for your Rights
We resolve matters
BURGER HUYSER
ATTORNEYS

Hoërskool Linden

... MEER AS NET 'N SKOOL

LOUWTJIES, JOU TOEKOMS BEGIN HIER!







HOËRSKOOL LINDEN AKADEMIE

HOËRSKOOL LINDEN SPORT

HOËRSKOOL LINDEN KULTUUR

BELANGRIKE DATUMS 2025

GR 7. INLIGTINGSAAND

5 MAART 2025

OPEDAG

7 MEI 2025

h.v Sesde Straat en Derde Laan, Linden, 2195

011 888 1433/4

www.linden.co.za

Hoërskool Linden

hslinden

Vir navrae en skooltoere kontak Marisca Victor - marisca.victor@linden.co.za | 011 888 1433